162 Zastron Street
Bloemfontein 9301
P.O. Box 363
Bloemfontein 9300
+27 (0) 51 405 9910
+27 (0) 51 430 1322
info@nreauctioneers.co.za

**NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD & Property Practitioners**

**(NRE AUCTIONEERS)**

EN

Remitto (Pty) Ltd

______________________________________________________________________

**(VERKOPER)**

| | |
|---|---|
| **REGISTRASIENOMMER:** | 2005/012357/07 |
| **FISIESE ADRES:** | 48 Vrischgewaagd, Kroonstad, 9499 |
| **KONTAK PERSOON:** | Derek Alexander |
| **KONTAK NOMMER:** | 072 9613897 |
| **E-POS ADRES:** | derek@remitto.co.za |

**1. MANDAAT**

1.1 Die **VERKOPER** stel hiermee vir **NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD** aan met die enigste en uitsluitelike mandaat om die eiendom bekend as:

1. Holding 47 Vrischgewaagd Small Holdings, District Kroonstad, Province Free State;
   In Extent 4,28727 (Four comma two eight two seven) hectares Held by deed of transfer number IT230/2017.
2. Holding 48 Vrischgewaagd Small Holdings, District Kroonstad, Province Free State;
   In Extent 4,28727 (Four comma two eight two seven) hectares Held by deed of transfer number IT6621/2014

te verkoop in ooreenstemming met die terme en voorwaardes hieronder uiteengesit.

**2. MINIMUM KOOPPRYS (NETTO)**

2.1 Die minimum netto verkoopprys verlang deur die **VERKOPER** vir die eiendom is R_________________________________________________________________________ (__________________________________________________________________________) welke BTW en kopers premie uitsluit.

2.2 Die **VERKOPER** mag in sy/haar eie diskresie 'n laer koopprys as na verwys soos hierbo aanvaar en in welke geval **NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD** steeds geregtig sal wees op hulle kommissie soos na verwys in klousule 5 hieronder.

**3. MANDAAT TERMYN**

3.1 Hierdie mandaat sal geldig en onherroeplik wees vanaf die datum van ondertekening hiervan tot en insluitend 90 (NEGENTIG) dae daama.

**4. TERME VAN DIE MANDAAT**

4.1 **NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD** word die alleen en eksklusiewe mandaat verleen om die eiendom te verkoop vir 'n bedrag nie minder as die minimum verkoopbedrag soos gespesifiseer in klousule 2.1 hierbo (minimum netto verkoopsprys) of 'n laer verkoopprys wat deur die **VERKOPER** skriftelik bevestig word.

4.2 Indien die **VERKOPER**:

4.2.1 gedurende die mandaat periode met **NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD** die minimum verkoopprys verkry en van die hand wys; of

4.2.2 die genoemde eiendom verkoop gedurende, of na die beeindiging van die mandaat periode, aan enige koper wat voorgestel is aan die **VERKOPER** deur **NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD** of enige ander manier hoegenaamd, ongeag of dit vir 'n groter of mindere bedrag as die minimum verkoopprys is, dan en in die geval, sal **NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD** geregtig wees op betaling deur die **VERKOPER** van die professionele fooi in die bedrag wat gelyk is aan die fooi gestipuleer in klousule 5 tesame met alle advertensiekostes wat van toepassing mag wees.

4.3 Die **VERKOPER** kom hiermee ooreen dat:

4.3.1 Die bedrag wat aan **NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD** betaalbaar is in terme van klousules 4.2.2. of 5 hieronder sal deur die Aktebesorger wat toesien tot oordrag van die eiendom direk aan **NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD** betaal word. Die **VERKOPER** magtig hiermee die betrokke Aktebesorger om betaling van die bedrag waarop **NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD** geregtig is direk aan **NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD** te betaal.

4.3.2 Indien betaling, of die omvang daarvan, vir enige rede hoegenaamd in dispuut is, sal die bedrag waarop **NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD** aanspraak maak in die betrokke Aktebesorger se trustrekening behoue bly totdat die dispuut tussen die **VERKOPER** en **NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD** besleg is.

4.3.3 Die bedrag waarop **NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD** aanspraak maak sal derhalwe nie na datum van oordrag van registrasie van die eiendom in die naam van die voorgenome koper daarvan aan die **VERKOPER** uitbetaal word nie en wel totdat die dispuut tussen **NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD** en die **VERKOPER** besleg is.

**5. PROFESSIONELE FOOI**

5.1 Die fooi betaalbaar aan **NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD** is 'n bedrag gelyk aan 6**%** (SES PERSENT) van die koopprys, plus BTW daarop. Die fooi sal deur die **KOPER** betaal word.

5.2 **NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD** sal geregtig wees om die fondse wat namens die **VERKOPER** in **NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD** se rekening gehou word te behou as betaling van die fooi waarop **NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD** geregtig is en welke fooi beskou sal word as reeds verdien deur **NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD** by ondertekening van die Verkoopsooreenkoms.

5.3 Oordrag van alle betalings ontvang, min kommissie en uitgawes (indien van toepassing) sal gemaak: word vanaf **NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD** se trustrekening aan die Aktebesorger wat aangestel is om toe te sien tot die oordrag van die eiendom. Die betrokke Aktebesorger sal deur **NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD** aangestel word.

**6. VOORWAARDES VAN DIE VERKOOP**

6.1 Die eiendom sal aangebied word vir verkoping in ooreenstemming met **NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD** se standaard verkoopsvoorwaardes, 'n afskrif waarvan beskikbaar is op aanvraag.

7. DIE **VERKOPER** SE VERANTWOORDELIKHEDE

7.1 Die **VERKOPER** sal:

7.1.1 gedurende die mandaat periode die eiendom skoon, netjies, ordelik en in 'n bruikbare toestand behou en in die algemeen die eiendom onderhou tot sy/haar beste voorkoms vir verkoopsdoeleindes;

7.1.2 nie inmeng met **NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD** en hulle verteenwoordigers in die uitoefening van hulle werksaamhede en verpligtinge of in die algemeen enige iets doen of nie doen wat redelikerwys vir **NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD** sal verhoed of beperk om die eiendom te verkoop ooreenkomstig hierdie ooreenkoms;

7.1.3 alle navrae in verband met die eiendom gedurende die tydperk van die ooreenkoms na **NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD** te verwys;

7.1.4 nie die ooreenkoms te kanselleer sonder die voorafgaande skriftelike toestemming van **NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD** nie;

7.1.5 in die algemeen vir **NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD** bystaan in elke redelike opsig verwag deur hom/haar in verband met die verkoop van sy/haar eiendom.

**8. ADVERTENSIE EN REKLAME VELDTOG**

8.1 Advertensie en reklame veldtogte sal deur **NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD** ondemeem word volgens **NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD** se advertensie begroting. Die **Verkoper** sal verantwoordelik wees vir betaling van die onkostes ten opsigte van die veldtog.

**9. AKKURAATHEID VAN INLIGTING**

9.1 Die **VERKOPER** waarborg hierby die akkuraatheid van alle inligting deur hom/haar gegee aan **NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD** in verband met die eiendom en dat die **VERKOPER** nie bewustelik versuim het om enige inligting aan **NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD t**e openbaar nie wat betrekking het of in verbinding is met die eiendom en wat wesenlik mag wees tot enige koop daarvan. Hierdie waarborg sluit in alle finansiele inligting aangaande die inkomste en uitgawes van die eiendom.

**10. EISE TEEN NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD**

10.1 Die **VERKOPER** sal geen eise van welke aard ook al teen **NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD** he voortspruitend uit die versuim van die koper van die eiendom om die verpligtinge van die Verkoopsooreenkoms na te kom nie.

**11. WYSIGING**

11.1 Hierdie mandaat maak die hele ooreenkoms tussen die partye uit, en geen modifikasie, wysiging of verandering hieraan is geldig nie, tensy dit op skrif gestel en deur beide partye hierby onderteken is nie.

**12. VOLLE OOREENKOMS**

12.1 Dit word hiermee geboekstaaf dat hierdie ooreenkoms die volle ooreenkoms wat tussen die partye aangegaan is bevat. Die **VERKOPER** bevestig dat geen verklaring of voorstellings of enige waarborge of ondememing,s hetsy mondelings of in skrif of iets gese of voorgestel of gewysig is deur **NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD**, of enige persoon wat namens **NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD** opgetree het, en nie in hierdie ooreenkoms vervat is nie en wat die **VERKOPER** beinvloed het of oorreed het om hierdie ooreenkoms aan te gaan en dat hierdie ooreenkoms deur die **VERKOPER** aangegaan is uit haar/sy/hulle eie wil nadat die **VERKOPER** haarself/homself/hulleself tenvolle met die gevolge van hierdie ooreenkoms vereenselwig het, asook alle voorwaardes en omstandighede wat relevant is hiertoe.**13.**
**ARBITRASIE**

13.1 Die **VERKOPER** en **NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD** kom ooreen om enige geskil van watter aard ookal wat tussen hulle mag ontstaan en wat voortspruit uit hierdie ooreenkoms vir beslegting na Arbitrasie te verwys. Die Arbitrasie sal ingevolge die reels van AFSA besleg word. Geen reg van appel sal geld teen die arbiter se toekenning nie.

**14. AANVAARDING VAN MANDAAT**

14.1 **NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD** aanvaar hiermee die mandaat wat in terme van hierdie ooreenkoms aan hulle toevertrou is.

**CONSENT TO PROCESS PERSONAL INFORMATION (PI) IN TERMS OF THE PROTECTION OF INFORMATION ACT, 4 OF 2013 (POPI).**

- I hereby give my consent to NRE to collect, process and distribute my PI where legally required to do so.
- I understand my right to privacy and the right to have my PI processed in accordance with the conditions for the lawful processing of PI.
- I acknowledge that I understand the purposes for which my PI is required and for which it will be used.
- I hereby consent that I understand that third parties will have access to my PI, and I hereby consent to NRE sharing my PI strictly for reporting to the relevant Executive Authority.
- I understand that, should I refuse to provide NRE with the required consent and/or information, NRE will be unable to assist me.
- I understand that all my PI which I provide to NRE will be held and/or stored securely.
- I declare that all my PI supplied to NRE is accurate, up to date and that it is complete in all respects.
- I undertake to immediately advise NRE of any changes to my PI in writing.
- I understand that the policy is available on NRE website https://www.nationalre.co.za/.

☐ I hereby opt-out of marketing information and/or products from NRE and/or related party services. I hereby understand to inform NRE in writing if marketing services should be enabled, when opt-out was selected.

TOEGESTEM EN AANVAAR DEUR DIE PARTYE TE ________________________________________ OP DIE __________DAG VAN _______________________ 20______

**AS GETUIES:**

1. _______________________

2. _______________________ _______________________

**VERKOPER**

**AS GETUIES:**

1. _______________________

2. _______________________ _______________________

NAMENS **NRE AUCTIONEERS (PTY) LTD**